

11 April

Skrifgedeelte: Lukas 23:44-56

Fokusgedeelte: Lukas 23:45

Die kruis maak die pad oop na God se intieme nabyheid

Terwyl ons Here aan die kruis gely het, het verskeie tekens plaasgevind. Ons let slegs op een: Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur (vers 45). Dit was 'n gordyn van besonder dik linne en ongeveer dertien meter lank. Die gordyn het tussen die heilige en allerheiligste dele van die tempel gehang. Wat wil die Here deur hierdie teken vir ons leer?

Van die voorhangsel lees ons weer in Hebreërs 10:19 en 20: *"Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam"*.

Die voorhangsel was die toegang tot God in sy heiligdom. Toegang tot die allerheiligste was verbode. Net een keer per jaar, op die groot versoendag, kon die hoëpriester daar ingaan. Hy het dan bloed voor God se genadetroon gesprinkel.

By God kan ons nie instorm net soos ons is nie, maar deur die bloed van Christus kan ons intiem naby Hom kom. Die kruisdood van ons Here leer ons dat ons vrye toegang tot die intieme nabyheid van God het deur Christus se werk. God is oral, maar Hy wil hê dat ons sy intieme nabyheid moet opsoek. Eendag gaan ons God se nabyheid onbelemmerd ervaar, maar Hy wil dat ons dit nou reeds met vrymoedigheid soek.

Sing: Psalm100:1

Ds PA Odendaal (Evander)